

Verlag: Internasionale Konferensie oor Taalbeleid, -beplanning en -ondersteuning in Hoër Onderwys, Spier, 18-20 November 2009

DIE INTERNASIONALE KONFERENSIE OOR TAALBELEID, -BEPLANNING EN -ONDERSTEUNING IN HOËR ONDERWYS, SPIER

DEUR PIET LE ROUX

Die Taalsentrum van die Universiteit Stellenbosch (US) het tussen 18 - 20 November 2009 'n Internasionale Konferensie oor Taalbeleid, -beplanning en -ondersteuning in Hoër Onderwys by die Sier landgoed aangebied. Dit is bygewoon deur verskeie internasionale kenners en dosente en personeel van nie-Afrikaanse en voormalige Afrikaanse universiteite. Alhoewel die tema meer algemeen was, het die konferensie vir 'n groot deel gegaan oor die invoer van Engels in universiteite wat voorheen slegs in 'n nasionale taal klas gegee het, soos byvoorbeeld die US tot die einde van die 1980's. Uit die konferensie het geblyk dat Afrikaans skynbaar voorloop in 'n internasionale agteruitgang van nasionale tale op universiteitsvlak.

Soos te verwagte, was daar algemene eensgesindheid oor die meriete van "veeltaligheid," maar minder sekerheid oor stappe om te neem. Prof. Vic Webb van die UP, 'n voorste kenner van taalbeplanning, het as ere-spreker beklemtoon dat veeltaligheid in Suid-Afrika in die algemene belang is en dat dit nie in die eerste plek hoef te gaan om die belang van spesifieke taalgemeenskappe nie.

Die internasionale ervaring

Universiteite hanteer die inbring van Engels hoofsaaklik met 'n soort korttermyn pragmatisme, waar die langtermynvoordele van plaaslike (taal)verbondenheid agtergestel word. Die meeste konferensiegangers was beswaard daaroor. Baie voormalig eentalige universiteite het eers onlangs "veeltalige" beleide aanvaar.

'n Vername rede vir verengelsing is klaarblyklik akademi se behoefte dat hul universiteit internasionaal gereken moet word, dat hulle erkenning van 'n internasionale gehoor kry deur publikasies in Engels en dat kundiges aangestel word al kan hulle nie die plaaslike taal praat nie. By implikasie is universiteitsbesture en akademi dus skynbaar dikwels van mening dat die subsidiëring van die universiteite deur die plaaslike taalsprekers (onder meer d.m.v. belasting) dit nie regverdig om taaleise aan akademiese personeel te stel nie. Verwysings hierna was egter veral terloops - sonder 'n deeglike ondersoek na die aansporings vir akademi om universiteite te verengels.

Dit lyk asof die politieke klimaat in verskillende lande ook 'n betekenisvolle rol speel: Die Estoniese universiteitsbestuur steun, byvoorbeeld, die klem op die plaaslike taal met uitgebreide akademiese vertalingsinisiatiewe en dit is skynbaar aanvaarbaar in die breë Estoniese politiek – anders as in Suid-Afrika. 'n Deense verteenwoordiger het weer gevoel dat die verengelsing daar aangehelp word deur die Deense regering (blykbaar liberaal) en het haar hoop geplaas op 'n konserwatiewe regering wat ten gunste van taalhandhawing sal ingryp.

Die Deense Universiteit van Kopenhagen se verteenwoordiger het (gefrustreerd) verduidelik hoedat hul beleid daar buigzaamheid beklemtoon en hoe Deens of Engels volgens die universiteitsbeleid na keuse gebruik kan word. Sy het ook vertel hoe dit in die praktyk tot verdringing van Deens lei. Ek het haar gevra waarom senior universiteitspersoneel aanhou beweer dat so 'n beleid nie tot die verdringing van die plaaslike taal sal lei nie, ongeag die feit dat Engelse studente of personeel geen Deens hoef te verstaan nie. Sy het geantwoord: "I suppose it sounds more beautiful [than to acknowledge or face the fact that you are choosing to replace the local language]."

Verlag: Internasionale Konferensie oor Taalbeleid, -beplanning en -ondersteuning in Hoër Onderwys, Spier, 18-20 November 2009

Tolkdienste aan die Noordwes-universiteit (NWU)

Indrukwekkende aanbiedings is deur die NWU oor tolkdienste gedoen. Die vlak van toewyding en optimisme aan die NWU-kant was duidelik, onder meer was prof. Theuns Eloff die enigste vise-kanselier daar en het hy self 'n aanbieding gedoen.

Potchefstroom tolk 700 lesings per week, hoofsaaklik van Afrikaans na Engels. Dit word deurgaans goed ontvang en hulle is reeds in die 5de jaar van uitrolling. Lopende koste vir hul volle taaldiens beloop sowat R10m per jaar. Dit werk uit op ongeveer R300 – R400 per jaar per kontakstudent vir hulle – veel goedkoper as parallelmedium en (alhoewel hulle nie hul model openlik met Stellenbosch kontrasteer nie) verkies hulle dit duidelik bo dubbelmedium se twee tale afwisselend in een klas.

Verdediging van Stellenbosse dubbelmedium

Dit lyk asof die US-verteenwoordigers, soos prof Leon de Stadler, Marianna Visser, Brenda Leibowitz en andere steeds sterk oortuig is dat dubbelmedium die aangewese manier is om veeltaligheid te hanteer. Die indruk wat ek uit die aanbiedings gekry het was dat dubbelmedium/T-opsie nou die voorkeur-opsie by Stellenbosch is en dat die US dubbelmedium eintlik reeds deurgaans gebruik. Uit die aanbiedings het dit voorgekom asof dubbelmedium op groot skaal universiteitsbeleid is en asof daar, wat implementering betref, net enkele haakplekke is wat uitgestryk word. Volgens wat ek verstaan het uit die aanbiedings van die persone hierbo genoem is dit blykbaar nie wenslik om noukeurige, fyn gekwantifiseerde monitering toe te pas nie.

Ek kan nie met sekerheid sê wat die konferensiegangers se reaksie op die dubbelmedium-aanbiedings was nie, behalwe dat dit oorskadu was deur die, myns insiens, baie positiewe reaksie op NWU se tolkdienste. Dr Anu Virkkunen-Fullenwider, van die Universiteit van Helsinki, 'n bekende universiteitstaalkundige en ere-spreker, het na afloop van die konferensie terloops teenoor my opgemerk dat sy haarself nou steeds afvra hoe die US se beleid in die praktyk werk.

Die konferensie versterk die vermoede dat die verengelsing van universiteite ook gepaardgaan met akademië en senior universiteitspersoneel wie telkens beroepsgewys bevoordeel word deur 'n meer Engelse universiteits-omgewing. In die praktyk bepaal hulle die taalomgewing – en dit met ander mense se geld. Diegene wat die meeste geld betaal, maar die minste die taalpraktyk bepaal, is die belastingbetalers wat die universiteite se subsidies befonds en die studente wat studievoete betaal. Dit is egter juis hulle wat 'n veel groter belang het by onderrig in die plaaslike taal. Verengelsing is, so gesien, die gevolg van 'n skewe verdeling van mag en 'n botsing van belange tussen wie betaal en wie bepaal.

'n Taalstrategie vir Stellenbosch behoort die tolkdienmodel van NWU nou met prioriteit te ondersoek. Die NWU se deure staan blykbaar oop vir belangstellendes hieroor en 'n besoek daar sal 'n belangrike stap wees in die samestelling van 'n tolk-opsie vir die US. Gegewe die US se afskaling van die A-opsie en die publieke weerstand teen dubbelmedium/T-opsie, lyk tolkdienste na 'n opsie wat meerderheidsteun kan trek. Hiervoor moet 'n loodsprojekvoorstel opgestel word.